Honderdste:

2. Bereken die volgende deur uitgebreide notasie en dan die kolom-metode te gebruik. Toets daarna jou antwoord. Rond jou antwoord af tot die naaste ene, tiende en honderdste.

Voorbeeld: Uitgebreide notasie:
3,765 + 2,143
= 3 + 2 + 0,7 + 0,1 + 0,06 + 0,04 + 0,005 + 0,003
= 5 + 0,8 + 0,1 + 0,008
= 5,908

Kolom-metode:	**Toets jou antwoord:**	3,765 afgerond tot die naaste:
3,765	5,908	Ene:4
+ 2,143	– 2,143	Tiende: 3,8
5,908	3,765	Honderdste: 3,77

Gebruik jou eie papier indien nodig.

a. 2,354 + 7,265 =

Uitgebreide notasie	Kolom-metode	Toetsing	Afgerond tot die naaste: Ene: Tiende: Honderdste:

b. 2,686 + 1,325 =

Uitgebreide notasie	Kolom-metode	Toetsing	Afgerond tot die naaste: Ene: Tiende: Honderdste:

c. 8,940 – 2,355 =

Uitgebreide notasie	Kolom-metode	Toetsing	Afgerond tot die naaste: Ene: Tiende: Honderdste:

d. 6,725 – 4,025 =

Uitgebreide notasie	Kolom-metode	Toetsing	Afgerond tot die naaste: Ene: Tiende: Honderdste:

Probleemoplossing

Hoekom rond ons af? Soek na tien voorbeelde in die werklike lewe waar ons desimale breuke in ons daaglikse lewe moet afrond.

Teken:

Datum:

18 Veelvoudige bewerkings met desimale

Hoe vinnig kan jy die volgende vermenigvuldig of deel?

2 × 0,3 =	0,2 × 0,3 =	0,2 × 0,03 =	0,02 × 0,03 =	0,002 × 0,03 =	0,002 × 0,003 =
1 000 ÷ 5 =	100 ÷ 5 =	10 ÷ 5 =	0,1 ÷ 5 =	0,01 ÷ 5 =	0,001 ÷ 5 =

1. Bereken die volgende:

Voorbeeld: $(6 + 0{,}3) \times (7 + 0{,}5)$
$= (6 + 0{,}3) \times 7 + (6 + 0{,}3) \times 0{,}5$
$= 6 \times 7 + 0{,}3 \times 7 + 6 \times 0{,}5 + 0{,}3 \times 0{,}5$
$= 42 + 2{,}1 + 3{,}0 + 0{,}15$
$= 47{,}25$

a. $(3{,}5 + 4{,}3) \times (1{,}2 - 0{,}9) =$

b. $1{,}2 \times (1{,}3 + 8{,}6) =$

c. $(8{,}2 - 6{,}4) \times (5{,}8 - 6{,}2) =$

2. Bereken die volgende:

Voorbeeld: $7{,}3 \times 8{,}4$

$$\begin{array}{r} 8{,}4 \\ \times\ 7{,}3 \\ \hline 2{,}52 \\ +\ 58{,}80 \\ \hline 61{,}32 \end{array}$$

a. $6{,}2 \times 3{,}8 =$

b. $2{,}6 \times 4{,}9 =$

c. $9{,}5 \times 3{,}9 =$

3. Bereken die volgende:

Voorbeeld: $8\overline{)13{,}6} = 1{,}7$

$$\begin{array}{r} 8 \\ \hline 56 \\ 56 \\ \hline 0 \end{array}$$

a. $7\overline{)12{,}6} =$

b. $9\overline{)29{,}7} =$

c. $6\overline{)52{,}8} =$

4. Bereken die volgende (kontroleer jou antwoord met 'n sakrekenaar):

Voorbeeld 1: 2,576 ÷ 0,28

$$= \frac{2\,576}{1\,000} \div \frac{28}{100}$$
$$= \frac{2\,576}{1\,000} \times \frac{100}{28}$$
$$= \frac{2\,576}{280} \div \frac{7}{7}$$
$$= \frac{368}{40} \div \frac{4}{4}$$
$$= \frac{92}{10}$$
$$= 9{,}2$$

Voorbeeld 2: 3,150 ÷ 0,24

$$= \frac{3\,150}{1\,000} \div \frac{24}{100}$$
$$= \frac{3\,150}{1\,000} \times \frac{100}{24}$$
$$= \frac{3\,150}{240}$$
$$= \frac{1\,575}{120}$$
$$= \frac{315}{24}$$
$$= 13{,}125$$

$$= 24\overline{)315} = 13{,}125$$

$$\begin{array}{r} 24 \\ \hline 75 \\ 72 \\ \hline 30 \\ 24 \\ \hline 60 \\ 48 \\ \hline 120 \\ 120 \\ \hline 0 \end{array}$$

a. $1{,}715 \div 0{,}35 =$

b. $2{,}756 \div 0{,}32 =$

Probleemoplossing

Kies een som uit vraag 1, 2, 3, of 4. Skryf 'n woordsom vir elkeen.


Teken:

Datum:

19a Bereken vierkante, vierkantswortels, kubusse en derdemagswortels

Kan jy 'n wetenskaplike sakrekenaar gebruik om eksponente soos 3^5 te bereken?

Druk 3
Druk $x^{\wedge y}$
Druk 5
Druk =



1. Skat hierdie vierkante en bereken dit dan met 'n sakrekenaar.

Voorbeeld: As $5^2 = 25$ wat is $5{,}5^2$?

Skatting
- $5^2 = 25$ dan moet $5{,}5^2$ groter wees as 25. Hoekom?
- $6^2 = 36$ dan moet $5{,}5^2$ kleiner wees as 36. Hoekom?

Let op dat verskillende sakrekenaars (wat maak en model betref) verskillende stappe kan verlang.

Sakrekenaar

Druk 5,5
Druk $x^{\wedge y}$
Druk 2
Druk =

= 30, 25

Op sommige sakrekenaars hoef jy nie die =-knoppie te druk nie.

Bereken

$5, 5^2$
$= 5, 5 \times 5, 5$

Maak gebruik van die distributiewe eienskap.

$(5 + 0{,}5)\ (5 + 0{,}5)$
$= 25 + 2{,}5 + 2{,}5 + 0{,}25$
$= 30{,}25$

a. As $3^2 = 9$, wat is $3{,}5^2$?

b. As $4^2 = 16$, wat is $4{,}5^2$?

c. As $9^2 = 81$, wat is $9{,}5^2$?

d. As $6^2 = 36$, wat is $6{,}5^2$?

e. Doen elke stap weer en wys al die stappe van jou berekening. (Jy kan dit op 'n aparte vel papier doen.)

2. Skat hierdie kubusse en bereken dit dan met 'n sakrekenaar.

Voorbeeld: As $4^3 = 64$ wat is $4{,}5^3$?

Skat

$4^3 = 64$
$5^3 = 125$

Die antwoord moet dus tussen 64 en 125 wees.

Sakrekenaar

Druk 4,5
Druk $x^{\wedge y}$
Druk 3
Druk =

= 90,125

Bereken

$(4{,}5)(4{,}5)(4{,}5)$
$= [(4 + 0{,}5)(4 + 0{,}5)](4{,}5)$
$= (16 + 2 + 2 + 0{,}25)(4{,}5)$
$= (20{,}25)(4{,}5)$
$= (20 + 0{,}25)(4 + 0{,}5)$
$= 80 + 10 + 1 + 0{,}125$
$= 90{,}125$

a. As $2^3 = 8$, wat is $2{,}5^3$?

b. As $8^3 = 512$, wat is $8{,}5^3$?

c. As $1^3 = 1$, wat is $1{,}5^3$?

d. Doen elke stap weer en wys al die stappe van jou berekening.

Teken:
Datum:

vervolg

19b Bereken vierkante, vierkantswortels, kubusse en derdemagswortels vervolg

3. Skat hierdie vierkantswortels en bereken dit dan met 'n sakrekenaar. Toon dan al die stappe van jou berekening.

Voorbeeld: As $\sqrt{16} = 4$ wat is $\sqrt{18}$?

Skat

$\sqrt{16} = 4$
$\sqrt{25} = 5$
Dus moet $\sqrt{18}$ tussen 4 en 5 wees.

Sakrekenaar

Druk 18
Druk $\sqrt{\ }$
Druk =

= 4,24 (4,2426406871193)

Let op dat verskillende sakrekenaars (wat maak en model betref) verskillende stappe kan verlang.

a. As $\sqrt{9} = 3$ wat is $\sqrt{12}$?

b. As $\sqrt{36} = 6$ wat is $\sqrt{42}$?

c. As $\sqrt{16} = 4$ wat is $\sqrt{20}$?

4. Skat hierdie derdemagswortels en bereken dit dan met 'n sakrekenaar. Toon dan al die stappe van jou berekening.

Voorbeeld: As $\sqrt[3]{27} = 3$ wat is $\sqrt[3]{50}$?

Skat

$\sqrt[3]{27} = 3$
$\sqrt[3]{64} = 4$
Dus moet $\sqrt[3]{50}$ tussen 3 en 4 wees.

Sakrekenaar

Druk 50
Druk $\sqrt[x]{\ }$
Druk 3
Druk =

= 3,68 (3,684031499)

of

Druk 50
Druk $\sqrt[3]{x}$
Druk =

= 3,68

a. As $\sqrt[3]{64} = 4$ wat is $\sqrt[3]{68}$?

b. As $\sqrt[3]{27} = 3$ wat is $\sqrt[3]{20}$?

c. As $\sqrt[3]{216} = 6$ wat is $\sqrt[3]{222}$?

Probleemoplossing

Gee die stappe wat jy vir vraag 1. a. tot c. neergeskryf het vir 'n maat om deur te gaan en te kontroleer.


Teken:
Datum:

20a Bereken nog vierkante, vierkantswortels, kubusse en derdemagswortels

Jy moet die volgende ken en hersien:

Hoe om vierkantswortels te bereken deur 'n sakrekenaar te gebruik.

Hoe om 'n desimaal tot die naaste ene, tiende of honderdste af te rond (deur die getallelyne hierna te gebruik). Gee 'n voorbeeld van elk.



1. Bereken en rond af tot die naaste ene, tiende en honderdste.

Voorbeeld: $\sqrt{6} + \sqrt{12}$ = 2,449 + 3,464 = 5,913 | **Ene** 6 | **tiende** 5,9 | **honderdste** 5,91

a. $\sqrt{17} + \sqrt{24}$ =

b. $\sqrt[3]{65} + \sqrt[3]{730}$ =

c. $\sqrt{148} + \sqrt[3]{1430}$ =

2. Bereken en rond af tot die naaste ene, tiende en honderdste.

Voorbeeld: $2{,}5^2 + 2{,}5^3$ = 6,25 + 15,625 = 21,875 | **Ene** 22 | **tiende** 21,9 | **honderdste** 21,88

a. $2{,}9^2 + 1{,}4^3$ =

b. $1{,}3^3 + 11^2$ =

c. $1{,}2^2 + 8^2$ =

3. Bereken en rond af tot die naaste ene, tiende en honderdste.

Voorbeeld: $(\sqrt{6})\ (\sqrt{12})$ = (2,449) (3,464) = 8,483 | **Ene** 8 | **tiende** 8,5 | **honderdste** 8,48

Let op dat $\sqrt{14}.\sqrt{19}$ dieselfde is as $(\sqrt{14})\ (\sqrt{19})$

a. $(\sqrt{13})\ (\sqrt{7})$

b. $(\sqrt{5})\ (\sqrt{8})$

c. $(\sqrt{14}\ .\sqrt{19})$

4. Bereken en rond af tot die naaste ene, tiende en honderdste.

Voorbeeld: $(2{,}5^2)\ (2{,}5^3)$ = 6,25 × 15,625 = 97,656 of $(2{,}5^2)\ (2{,}5^3)$ = $2{,}5^5$ = 97,656 | **Ene** 98 | **tiende** 97,7 | **honderdste** 97,66

a. $(3{,}5)^2\ (3{,}5)$

b. $(1{,}9)^2\ (1{,}9)^2$

c. $(11{,}2)^3\ (11{,}2)^2$

d. $(6{,}7)^2\ (6{,}7)^3$

e. $(4{,}8)^2\ (4{,}8)^3$

5. Bereken en rond af tot die naaste ene, tiende en honderdste.

Voorbeeld: $\sqrt{6} + (\sqrt{12} + \sqrt{20})$ = 2,449 + 3,464 + 4,472 = 10,385 | **Ene** 10 | **tiende** 10,4 | **honderdste** 10,39

$\sqrt{6} + (\sqrt{12} + \sqrt[3]{9})$ = 2,449 + 3,464 + 2,08 = 7,993 | 8 | 8,0 | 7,99

a. $\sqrt{79} - (\sqrt{13} + \sqrt{59})$

b. $\sqrt[3]{18} - (\sqrt[3]{500} - \sqrt[3]{210})$

c. $\sqrt[3]{34} - (\sqrt[3]{709} - \sqrt[3]{200})$

Teken:

Datum:

vervolg

20b Bereken nog vierkante, vierkantswortels, kubusse en derdemagswortels vervolg

6. Bereken en rond af tot die naaste ene, tiende en honderdste.

Voorbeeld: $2{,}5^2\ (1{,}5^2 + 1{,}2^2)$
$= (2{,}5^2 \times 1{,}5^2)\ (2{,}5^2 \times 1{,}2^2)$
$= (6{,}25 \times 2{,}25) + (6{,}25 \times 1{,}44)$
$= 14{,}062 + 9$
$= 23{,}162$

Ene	tiende	honderdste
23	23,3	23,26

a. $3{,}2^2(11{,}6^2+7{,}8^3)$

b. $4{,}4^3(2{,}8^3 + 3{,}1^2)$

c. $8{,}1^3(3{,}9^3 + 7{,}4^3)$

d. $11{,}2^2(4{,}2^3 + 5{,}6^2)$

e. $9{,}6^2(8{,}2^3 + 10{,}3^2)$

7. Bereken en rond af tot die naaste ene, tiende en honderdste.

Voorbeeld: $\sqrt{6}\ (\sqrt{12} + \sqrt{20})$
$= (\sqrt{6} \times \sqrt{12}) + (\sqrt{6} \times \sqrt{20})$
$\approx (2{,}449 \times 3{,}464) + (2{,}449 \times 4{,}472)$
$= 8{,}483 + 10{,}952$
$= 19{,}435$

Ene	tiende	honderdste
19	19,4	19,44

a. $\sqrt{26}\ (\sqrt[3]{15} + \sqrt[3]{629})$

b. $\sqrt{21}\ (\sqrt[3]{162} + \sqrt[3]{164})$

c. $\sqrt{325}\ (\sqrt[3]{1000} + \sqrt[3]{137})$

Probleemoplossing


Kies enige som wat in hierdie les gedoen is en maak 'n woordsom daarvan. Let op dat jy sorgvuldig hieroor sal moet nadink.

Teken:

Datum:

21 Eksponentvorm

Jy moet die volgende hersien:



$7842,5 = 7,8425 \times 10^3$

Tien tot die mag van drie

$7842,5 = 7,8425 \times 1\,000 = 7,8425 \times 10^3$



1. Hersiening: Vergelyk die twee getalle.

Voorbeeld: $(-2)^2 = (-2)(-2) = 4$
$-(2)^2 = -(2)(2) = -4$

a. $-(4)^2$; $(-4)^2$

b. $-(6)^3$; $(-6)^3$

c. $(-3)^3$; $-(3)^3$

d. $(-8)^3$; $-(8)^3$

e. $(-6)^2$; $-(6)^2$

f. $(-4)^3$; $-(4)^3$

2. Hersiening : Voltooi <, > of = in.

Voorbeeld 1: $(-2)^2 > -(2)^2$
$(-3)^2 > -(3)^2$
$(-2)^3 = -(2)^3$

a. $-(10)^2$ ____ $(-10)^2$

b. $-(6)$ ____ $(-6)^3$

c. $(-9)^3$ ____ $-(9)^3$

d. $(-8)^3$ ____ $(8)^3$

e. $(-6)^2$ ____ $-(6)^2$

f. $(-4)^3$ ____ $-(4)^3$

3. Skakel 'n gewone getal om na wetenskaplike notasie of skakel die wetenskaplike notasie om na 'n gewone getal.

Voorbeeld: $8\,740\,000 = 8,74 \times 10^6 = 8\,740\,000$

a. 256 000

b. 790 000 000

c. 5×10^{-6}

d. $8,1 \times 10^6$

e. 0,0000089

f. $3,12 \times 10^{-5}$

Voorbeeld 1:

$4,32 \times 10^4$
$4,32 \times 10^4 = 4,32 \times 10\,000 = 43\,200$
$43\,200$

$4,32 \times 10^{-4}$
$4,32 \times 10^{-4} = 4,32 \times 0,0001 = 0,000432$
$0,000433$

$43\,200 > 0,000433$

a. $2,24 \times 10^4$ ____ $0,25 \times 10^{-4}$

b. $2,5 \times 10^3$ ____ $2,5 \times 10^{-3}$

c. $1,75 \times 10^{-6}$ ____ $1,75 \times 10^6$

d. $1,95 \times 10^{-5}$ ____ $1,95 \times 10^5$

e. $0,75 \times 10^{-5}$ ____ $0,75 \times 10^{-5}$

f. $0,5 \times 10^2$ ____ $0,5 \times 10^{-2}$

Probleemoplossing

Bereken: $2^{15} \times 2 =$ Wys al jou berekeninge.

Teken:

Datum:

22 Eksponentwette: $a^m \times a^n = a^{m+n}$

Hersien die eksponentwette en gee vier voorbeelde van elk deur getalle te gebruik.

$a^m \times a^n = a^{m+n}$				
$\frac{a^m}{a^n} = a^{m-n}$				

1. Gebruik die eksponentwette om die volgende te vereenvoudig:

Voorbeeld: $s^2 \times s^4 = s^{2+4} = s^6$

a. $a^3 \times a^4 =$

b. $b^2 \times b^5 =$

c. $2^8 \times 2^9 =$

d. $f^8 \times f^3 =$

e. $d^2 \times d^6 =$

f. $y^5 \times y^4 =$

2. Bereken die volgende:

Voorbeeld: $8^3 \times 8^2 = 8^{3+2} = 8^5 = 32\,768$

a. $2^5 \times 2^2 =$

b. $5^2 \times 5^3 =$

c. $3^4 \times 3^2 =$

d. $7^3 \times 7^1 =$

e. $8^2 \times 8^3 =$

f. $3^2 \times 3 =$

3. Gebruik die eksponentwette om die volgende te vereenvoudig:

Voorbeeld: $y^a \times y^b = y^{a+b}$

a. $a^m \times a^n =$

b. $d^e \times d^f =$

c. $v^g \times v^h =$

d. $e^j \times e^k =$

e. $x^l \times x^m =$

f. $b^p \times b^q =$

Probleemoplossing

Jy moet aan 'n maat, wat afwesig was, verduidelik hoe om die volgende te doen: Vermenigvuldig 5^9 met 5^7 deur 'n sakrekenaar te gebruik.

Teken:

Datum:

23 Eksponentwette: $a^m \div a^n = a^{m-n}$

Hersien die eksponentwette en gee vier voorbeelde van elk deur veranderlikes te gebruik.

$a^m \times a^n = a^{m+n}$				
$\frac{a^m}{a^n} = a^{m-n}$				

1. Gebruik die eksponentwette om die volgende te vereenvoudig:

Voorbeeld: $m^5 \div m^3 = m^{5-3}$ of $\frac{m^5}{m^3} = m^{5-3}$

a. $a^4 \div a^3 =$

b. $\frac{f^9}{f^8} =$

c. $x^5 \div x^2 =$

d. $\frac{b^8}{b^2} =$

e. $\frac{e^6}{e^4} =$

f. $h^7 \div h^3 =$

2. Bereken die volgende:

Voorbeeld: $2^4 \div 2^3 = 2^{4-3} = 4^1 = 4$

a. $\frac{2^3}{2^2}$

b. $4^4 \div 4^2 =$

c. $\frac{4^5}{4^4}$

d. $6^6 \div 6^3 =$

e. $3^7 \div 3^3 =$

f. $\frac{5^8}{5^5}$

3. Skryf die volgende as 'n breuk en gebruik dan die eksponentwette om die volgende te vereenvoudig:

Voorbeeld: $g^5 \div g^3 = \frac{g^5}{g^3} = g^{5-3} = g^2$

a. $a^4 \div a^3 =$

b. $d^6 \div d^5 =$

c. $g^6 \div g^4 =$

d. $f^9 \div f^6 =$

e. $c^8 \div c^2 =$

f. $j^{12} \div j^{10} =$

4. Gebruik die eksponentwette om die volgende te vereenvoudig:

a. $6^2 \times 6^3 =$

b. $4^2 \times 4^3 =$

c. $2^4 \times 2^5 =$

d. $10^3 \div 10^2 =$

e. $4^3 \div 4^2 =$

f. $2^5 \div 2^4 =$

Probleemoplossing

Jy moet aan 'n maat, wat afwesig was, verduidelik hoe om dit te doen: $5^9 \div 5^7$ sonder om 'n sakrekenaar te gebruik. Hoe gaan jy dit doen?

Teken:

Datum:

24 Eksponentwette: $a^m \div a^n = a^{m-n}$ as $m<n$

Gee 'n voorbeeld deur van getalle gebruik te maak en gee nog 'n voorbeeld deur van veranderlikes gebruik te maak.

$a^m \times a^n = a^{m+n}$	$\frac{a^m}{a^n} = a^{m-n}$	$\frac{a^m}{a^n} = a^{m-n}$ as $m < n$	$(a^m)^n = a^{mn}$

1. Gebruik die eksponentwette om die volgende te vereenvoudig:

Voorbeeld: $w^4 \div w^6 = w^{-3} = \frac{1}{w^2}$ of $\frac{w^4}{w^2} = w^{4-6} = w^{-2} = \frac{1}{w^2}$

a. $x^2 \div x^3 =$

b. $\frac{e^7}{e^9} =$

c. $\frac{f^3}{f^7} =$

d. $a^8 \div a^{10} =$

e. $\frac{k^4}{k^6} =$

f. $a^6 \div d^{11} =$

2. Bereken die volgende:

Voorbeeld: $\frac{2^4}{2^5}$ of $2^4 \div 2^5 = 2^{4-5} = 2^{-1} = \frac{1}{2}$

a. $\frac{2^3}{2^4} =$

b. $5^{10} \div 5^{12} =$

c. $7^6 \div 7^8 =$

d. $\frac{10^8}{10^{10}} =$

e. $11^9 \div 11^{11} =$

f. $\frac{8^6}{8^9} =$

3. Gebruik die eksponentwette om die volgende te vereenvoudig:

Voorbeeld: $x^m \div x^n = \frac{x^m}{x^n} = x^{m-n}$

a. $a^m \div a^n =$

b. $d^f \div d^9 =$

c. $\frac{m^a}{m^b} =$

d. $f^x \div f^y =$

e. $\frac{e^k}{e^l} =$

f. $\frac{d^t}{d^u} =$

4. Gebruik die eksponentwette om die volgende te vereenvoudig:

Voorbeeld: $(q^2) = (q^{2\times3}) = q^6$

a. $(m^3)^3 =$

b. $(k^5)^7 =$

c. $(n^4)^2 =$

d. $(r^3)^9 =$

e. $(z^5)^8 =$

f. $(s^7)^8 =$

5. Bereken die volgende:

Voorbeeld: $(3^2)^3 = (3^6) = 729$

a. $(2^3)^3 =$

b. $(8^3)^3 =$

c. $(4^3)^2 =$

d. $(2^4)^7 =$

e. $(3^4)^8 =$

f. $(3^5)^5 =$

6. Gebruik die eksponentwette om die volgende te vereenvoudig:

Voorbeeld: $(a^m)^n = a^{mn}$

a. $(a^m)^n =$

b. $(d^d)^y =$

c. $(h^p)^q =$

d. $(b^a)^b =$

e. $(c^r)^s =$

f. $(e^d)^e =$

Probleemoplossing

a. Wat is die verskil tussen $x^2 \div x^3$ en $x^3 \div x^2$?
b. Los op: $(124)^2$

Tekem:

Datum:

25 Eksponentwette: $a^0 = 1$ en $(a \times t)^n = a^n t^n$

Vervang die veranderlikes en eksponente in elk van hierdie voorbeelde deur getalle.

$a^m \times a^n = a^{m+n}$		$(xy)^m = x^m y^m$	
$\frac{a^m}{a^n} = a^{m-n}$		$x^1 = x$	
$\frac{a^m}{a^n} = a^{m-n}$ as $m < n$		$x^0 = 1$	
$(a^m) = a^{mn}$		$a^{-n} = \frac{1}{a^n}$	

1. Vereenvoudig:

Voorbeeld: $(a \times t)^3 = a^3 t^3$

a. $(b \times c)^5 =$ b. $(r \times s)^s =$ c. $(c \times d)^3 =$

d. $(t \times s)^9 =$ e. $(f \times a)^4 =$ f. $(k \times n)^6 =$

2. Bereken die volgende:

Voorbeeld: $(2 \times 5)^2 = 2^2 \times 5^2 = 4 \times 25 = 100$

a. $(2 \times 3)^2 =$ b. $(6 \times 7)^2 =$ c. $(2 \times 10)^2 =$

d. $(4 \times 3)^3 =$ e. $(2 \times 8)^4 =$ f. $(11 \times 3)^3 =$

3. Gebruik die eksponentwette om die volgende te vereenvoudig:

a. $(a \times c)^b =$ b. $(y \times b)^c =$ c. $(m \times p)^n =$

d. $(z \times t)^q =$ e. $(d \times f)^e =$ f. $(q \times t)^x =$

4. Gebruik die eksponentwette om die volgende te vereenvoudig:

Voorbeeld: $a^0 = 1$ en $a^1 = a$

a. $a^0 =$ b. $c^0 =$ c. $d^0 =$

d. $j^1 =$ e. $h^1 =$ f. $g^1 =$

5. Bereken die volgende:

Voorbeeld: $12^0 = 1$ en $12^1 = 12$

a. $4^0 =$ b. $3^1 =$ c. $10^0 =$

d. $5^1 =$ e. $8^0 =$ f. $11^1 =$

6. Gebruik die eksponentwette om die volgende te vereenvoudig:

Voorbeeld: $5^{-3} = \frac{1}{5^3}$

a. $a^{-2} =$ b. $e^{-7} =$ c. $d^{-10} =$

d. $x^{-3} =$ e. $b^{-8} =$ f. $g^{-7} =$

7. Bereken die volgende:

Voorbeeld: $5^{-3} = \frac{1}{5^3} = \frac{1}{125}$

a. $3^{-2} =$ b. $2^{-1} =$ c. $7^{-2} =$

d. $2^{-4} =$ e. $4^{-2} =$ f. $3^{-1} =$

8. Gebruik die eksponentwette om die volgende te vereenvoudig:

Voorbeeld: $a^{-n} = \frac{1}{a^n}$

a. $a^{-b} =$ b. $d^{-1} =$ c. $k^{-c} =$

d. $n^{-x} =$ e. $b^{-n} =$ f. $r^{-b} =$

Probleemoplossing

Vorm 'n groep van 4 tot 6 vriende en verduidelik die eksponentwette aan mekaar. Help mekaar.

Teken:

Datum:

26a Toepassing van die eksponentwette

Hersien hierdie wette.

$a^1 = a$	$a^0 = 1$	$a^1 = \frac{1}{a^1}$	$a^{-n} = \frac{1}{a^n}$
$a^m \times a^m = a^{m+n}$	$\frac{a^m}{a^n} = a^{m-n}$	$(a^m)^n = a^{mn}$	$(ab)^n = a^n b^n$
	$\left(\frac{a}{b}\right)^n = \frac{a^n}{b^n}$	$\frac{a^m}{a^n} = a^{m-n}$ as $m < n$	

1. Gebruik die eksponentwette om die volgende te vereenvoudig. Onthou volgorde van bewerkings:

a. $(a^3 \times a^4) + (a^4 \div a^3) =$

b. $x^3 \times x^4 \div x^4 =$

c. $y^7 \div y^5 + y^2 =$

d. $c^1 \times c^3 \div c^2 =$

e. $(e^3 \times e^5) =$

f. $(5^2 \times 5^3) \div 5^5 =$

2. Gebruik die eksponentwette om die volgende te vereenvoudig:

a. $3^2 \times 3^3 =$

b. $4^8 \div 2^3 =$

c. $5^3 \times 5^3 \div 5^2 =$

d. $4^2 \div 2^2 =$

e. $(12^5 \times 5^{-3}) =$

f. $7^5 \div 7^9 =$

3. Gebruik die eksponentwette om die volgende te vereenvoudig:

a. $3a \times 9a^4 =$

b. $14c \times 7c^5 =$

c. $2e^5 \div 4e^3 =$

d. $8z^4 \div 2z^3 =$

e. $125x^3 \div 25x^5 =$

f. $32d^3 \div 422d =$

4. Hersiening: vereenvoudig:

Voorbeeld: $2x^{-2} = 2 \times x^{-2} = 2 \times \frac{1}{x^2} = \frac{2}{x^2}$

a. $3x^{-2} =$

b. $9x^{-3} =$

c. $7x^{-3} =$

d. $4x^{-3} =$

e. $5x^{-2} =$

f. $8x^{-5} =$

5. Hersiening: vereenvoudig:

Voorbeeld: $4^n = (2 \times 2)^n$
$= (2^2)^n$
$= 2^{2n}$

a. $64^n =$

b. $16^x =$

c. $100^x =$

d. $121^n =$

e. $4^x =$

f. $144^n =$

Teken:

Datum:

vervolg ☛

26b Toepassing van die eksponentwette

vervolg

6. Hersiening: vereenvoudig:

Voorbeeld: $9^n\,2^{n-1}$
$= (3^2)^n\,2^{n-1}$
$= 3^{2n}\,2^{n-1}$

a. $16^x.3^{x+1} =$

b. $36^x.3^{x+2} =$

c. $121^x.2^{x+1} =$

d. $9^x.4^{x+2} =$

e. $25^x.5^{x+1} =$

f. $100^x.3^{x+4} =$

7. Vereenvoudig:

Voorbeeld:
$$\frac{9^n.2^{n+1}}{4^n} = \frac{3^{2n}.2^{n+1}}{2^{2n}} = \frac{3^{2n}.2^{n+1-n}}{2^{2n-n}} = \frac{3^{2n}.2}{2^n} = \frac{2.3^{2n}}{2^n}$$

a. $\frac{8^n.2^{n+1}}{4^n}$

b. $\frac{16^n.3^{n+1}}{25^n}$

c. $\frac{36^n.4^{n+21}}{64^n}$

8. Faktoriseer:

Voorbeeld: $12^n = (12)^n = (2 \times 2 \times 3)^n = (2^2 \times 3^1)^n$
$= 2^{2n} \times 3^n$
$= 2^{2n}.3^n$

a. $20^n =$

b. $24^n =$

c. $54^n =$

d. $45^n =$

e. $18^n =$

9. Vereenvoudig:

$$\frac{16^{n-1}.18^n}{4^{n+1}.36^n}$$

Voorbeeld: $\frac{9^{n-1}.12^n}{4^{n+1}.27^n}$

Probeer om eksponente met dieselfde grondtal te kry.

$$\frac{(3^2)^{n-1}.(2^2.3)^n}{(2^2)^{n+1}.(3^3)^n} = \frac{3^{2n-2}.2^{2n}.3^n}{2^{2n+2}.3^{3n}}$$

Ons kan nou vereenvoudig deur die eksponente met dieselfde grondtal te vermenigvuldig. Gebruik die eksponentwette om dit te doen.

$$= \frac{(3^{2n-2}.3^n).2^{2n}}{2^{2n+2}.3^{3n}} = \frac{3^{2n-2+n}.2^{2n}}{3^{3n}.2^{2n+2}} = \frac{3^{3n-2}.2^{2n}}{3^{3n}.2^{2n+2}}$$

Kom ons deel nou die eksponente deur dieselfde grondtal.

$$= \frac{3^{3n-2-3n}.2^{2n-2n}}{3^{3n-3n}.2^{2n+2-2n}} = \frac{3^{-2}.2^0}{3^0.2^2} = \frac{3^{-2}.1}{1.2^2} = \frac{1}{3^2}\cdot\frac{1}{2^2} = \frac{1}{9}\cdot\frac{1}{4} = \frac{1}{36}$$

Probleemoplossing

Skryf al die eksponentwette neer wat jy vandag gebruik het.
Ontwikkel jou eie som deur al hierdie wette te gebruik en los dit dan op.

Teken:

Datum:

27 Rye

Hersiening: Wat vertel elke stelling vir jou? Gee nog twee voorbeelde van elk.



Konstante verski bv. –3; –7; –11; –15; ... Tel in "–4's" of "tel –4 by die vorige term".

Konstante verhouding bv. –2; –4; –8; –16; –32; ... "Vermenigvuldig die vorige term met –2."

Veranderlike verskil of verhouding bv. 1; 2; 4; 7; 11; 16; ... "Tel die verskil tussen die 2 vorige terme bymekaar + 1 by die vorige term."

1. Beskryf die patroon deur die reël te gee en dit dan met drie terme uit te brei.

a. 2; 4; 6; 8; 10

Tel 2 by die vorige term.
12; 14; 16

b. 1; 5; 9; 13; 17

c. –6; –8; –10; –12

d. –30; –20; –10; 0; 10

e. –1; 5; 11; 17

f. 15; 12; 9; 6; 3

2. Beskryf die patroon deur die reël te gee en dit dan met drie terme uit te brei.

a. 2; 4; 8; 16; 32; 64

b. 5; –20; 80; –320; 1 280

c. 729; 81; 9; 1; $\frac{1}{9}$; $\frac{1}{81}$

d. 25; 5; 1; 0,2; 0,04

3. Beskryf die patroon deur die reël te gee en dit dan met drie terme uit te brei.

a. 2; 4; 12; 48; 240

b. 1; 5; 13; 29; 61; 125

c. 16; 19; 23; 28; 34

d. 1; –5; 2; –6; 3; –7

4. Voltooi die tabel:

a.

Posisie in ry	2	4	6	8	10	n
Term	–10	–8	–6	–4		

b.

Posisie in ry	1	3	5	7	10	n
Term	–14	–12	–10	–8		

c.

Posisie in ry	3	6	9	10	12	n
Term	–15	–12	–9		–6	

5. Bepaal die 10de en nde posisie van die term deur 'n tabel en getallesinne te gebruik.

a.

Posisie in ry	1	3	5	7	10	n
Term	1	9	25	49		

b.

Posisie in ry	1	2	4	8	10	n
Term	1	4	16	64		

c.

Posisie in ry	2	4	6	8	10	n
Term	6	18	38	66		

d.

Posisie in ry	3	4	5	6	10	n
Term	27	64	125	216		

e.

Posisie in ry	– 5	0	5	10	15	n
Term	– 126	– 1	124		3374	

f.

Posisie in ry	3	5	7	9	10	n
Term	26	124	342	728		

Probleemoplossing

Ontwikkel nou jou eie rye soos volg:

- Konstante verskil tussen die opeenvolgende terme
- Konstante verhouding tussen die opeenvolgende terme
- Geen konstante verskil of konstante verhouding nie

Sign:
Date:

28 Meetkundige en numeriese patrone

Hersiening: Praat hieroor.

	1ste term	2de term	3de term	4de term	5de term	n
Position	1	2	3	4	5	n
Waarde van die term	?	16	24	32	40	
	1 × 8	2 × 8	3 × 8	4 × 8	5 × 8	




Lees die boonste ry.
Die posisie: 1ste term, 2de term, 3de term, 4de term, 5de term, $n$de term
As die 2de term se posisie 2 is en die waarde daarvan 16 is, is die reël 2 × 8 = 16.
Wat is die waard van die 1ste term?

1. Ontwerp en voltooi die volgende meetkundige patrone.


- Trek die eerste vier terme in elkeen van die volgende meetkundige patrone.
- Skryf dit in 'n tabel en bepaal die 1ste, 2de, 3de, 4de en $n$de terme waar van toepassing.

Voorbeeld: Vierkant




Posisie	1ste	2de	3de	4de	$n$de
Waarde	1	4	9	16	n^2
	1^2	2^2	3^2	4^2	n^2

a. Driehoek




Posisie	1ste	2de	3de	4de	$n$de
Waarde				10	$\frac{n(n+1)}{2}$

b. Pentagoon



Posisie	1ste	2de	3de	4de	$n$de
Waarde				22	$\frac{n(3n-1)}{2}$

c. Nonagoon



Posisie	1ste	2de	3de	4de	$n$de
Waarde			24		$n(2n-1)$

2. Wat is die reël? Voltooi hierdie tabelle.

Voorbeeld: Reël is $2x + 1$

x	– 2	– 1	0	1	2	5	10
y	– 3	– 1	1	3	5	11	21

a. Reël: $y = 3x - 1$

x	– 2	– 1	0	1	2	10	50
y							

b. Reël: $y = \frac{1}{2}x + 2$

x	0	2	3	50	75	100
y						

c. Reël: $y = x - 5$

x	– 3	– 2	– 1	0	1	13	25
y							

d. Reël: $y = 5x - 4$

x	1	3	5	7	27	47
y						

3. Gee die reël en voltooi die tabel.

a. Reël: $y = x \times -2$

x	– 2	– 1	0	1	2	5	n
y						m	

b. Reël: $y = 10(x + 2)$

x	– 3	5	13	21	29	37	n
y						m	


Probleemoplossing

Maak jou eie reël en gee 'n tabel aan 'n maat om op te los.

Date:

29 Optelling en aftrekking van gelyksoortige terme

Beskou en bespreek:



monoom (1 term)	$8x^4$	$(a + b)$
binoom (2 terme)	$3x^2 + 4$	$a + b$
trinoom (3 terme)	$4x^2 + x^2 + 3$	

'n Polinoom is 'n algebraïese uitdrukking wat een of meer terme met nie-negatiewe heelgetal-eksponente bevat. $4x^2 + 2y^2$

Terme word geskei deur + en −; nie deur × en ÷ nie.

1. Hersiening: vereenvoudig.

Voorbeeld: $3a^2 + 4a^2 = 7a^2$

a. $8w^3 + 7w^3 =$

Voorbeeld: $3a^2 - 2a + 4a^2 + 6a = 3a^2 + 4a^2 - 2a + 6a = 7a^2 + 4a$

b. $5b^2 - 6b + 7b + 2b^2 =$

Voorbeeld: $3a^2 + 2a - 5 + 4a^2 - 6a + 6 = 3a^2 + 4a^2 + 2a - 6a - 5 + 6 = 7a^2 - 4a + 1$

c. $4x^2 + 5x + 8 + 3x^2 + 6x + 4 =$

Voorbeeld: $4ab^2 + 3ab + 3ab^2 + 2ab = 7ab^2 + 5ab$

d. $4uv + 3uv^2 - 5uv + 4uv^2 =$

2. Pas kolom A by kolom B:

A	B
Monoom	$3xy^2 + 2x + 4x - 5$
Binoom	$3xy^2 + 2x$
Trinoom	$3xy^2$
Polinoom	$3xy^2 + 2x + 5$

Gelyksoortige terme
Twee terme met **dieselfde veranderlikes** verhef tot **dieselfde eksponente** word "gelyksoortige terme" genoem. Dus is $6x^2$ en $8x^2$ gelyksoortige terme, want daar is twee terme met dieselfde veranderlike (x) met dieselfde eksponente (2).

3. Skep jou eie algebraïese uitdrukking wat ook 'n:

Voorbeeld: 'n monoom: $(3ab^2) + 4ab + 6b - 8$

a. binoom is: $8xy^2 + 5xy + 2x + 7xy^2$

b. polinoom is: $5ab^2 + 6ab + 7a + 6ab^2$

c. trinooom is: $7cd^2 + 8cd + 8cd^2 + 8cd$

d. monoom is: $9ef^3 + 4ef^2 + 5ef^2 + 5ef^3$

4. Hersiening: vereenvoudig.

Voorbeeld: $3x^2 + 5x + 4 + 5x^2 - 2x - 1 = 8x^2 + 3x + 3$

a. $5x^2 + 3x + 4x^2 + 8x + 4 + 5 =$

b. $6a^2 + 8a + 5a^2 + 2 - 3 + 7a =$

c. $4b + 9b^2 - 7 - 5b + 6 - b^2 =$

d. $5x - 4 - 7x - 8x^2 - 2 - 3x^2 =$

e. $3 + 6a + 9a^2 + 2 + 3a^2 + 4a =$

5. Vereenvoudig.

Voorbeeld: $2x^3 + 4x + 5x^2 + 8 + 6 + 5x^3 = 7x^3 + 5x^2 + 4x + 14$

a. $4x^3 + 2x^2 + 8 - 5x^3 - 4x^2 =$

b. $4x - 2x^2 + 2x^3 - 7 - 4x^2 =$

6. Vereenvoudig.

Voorbeeld: $4x^2 + 4x + 2x + 3y^2 + 5x^2 = 9x^2 + 3y^2 + 6x$

a. $4x^2 + 2y^3 + 2y^2 + 3x^2 + 3y^3 =$

b. $8a^3 + 8a^2 - a^3 - 8b^3 + b^3 =$

7. Vereenvoudig.

Voorbeeld: $3ab + 4ab^2 + 2ab + ab^2 + ab = 5ab^2 + 6ab$

a. $3xy^2 + 5xy + 4xy^2 + 8xy + 6xy =$

b. $5ab^4 + 7ab^3 - 9ab^2 + 6ab^4 - 3ab^2 =$

8. Vereenvoudig.

Voorbeeld: $5a^2b^3 + 6ab + 2a^2b^3 + 2ab + ab = 7a^2b^3 + 9ab$

a. $3x^2y^3 + 7xy + 4xy^2 + 5x^2y^3 + 5xy^2 =$

b. $4a^2b^4 + 5a^3b^2 + 7ab - 3a^2b^4 + 2a^3b^2 =$

Probleemoplossing

a. Ontwikkel 'n algebraïese uitdrukking met drie verskillende gelyksoortige terme en vereenvoudig.
b. Skryf 'n polinoom met vyf terme, waar twee pare soortgelyke terme is.
c. As die antwoord $5x^2 + 7y^2 + 9x$ is en die oorspronklike som sewe terme gehad het, wat kan die oorspronklike som dan wees?
d. Skryf 'n polinoom met vyftien terme en vereenvoudig. Let op dat jy gelyksoortige terme in jou polinoom moet gebruik.

Teken:
Datum:

30a Die produk van 'n monoom en binoom of trinoom

Hersien:

$-2x(x + 2)$

$-2x$	x	2
	$-2x^2$	$-4x$

Onthou om die monoom met elke term van die binoom te vermenigvuldig.

$5x(2x^2 + 3x - 4)$

$5x$	$2x^2$	$3x$	-4
	$10x^3$	$15x^2$	$-20x$

Onthou om die monoom met elke term van die trinoom te vermenigvuldig.

1. Hersiening: vereenvoudig.

Voorbeeld $2(3 + 4)$
$= (2 \times 3) + (2 \times 4)$
$= 6 + 8$
$= 14$

a. $2(1 + 7) =$

b. $2(6 + 2) =$

2. Hersiening: vereenvoudig.

Voorbeeld $a(b + c)$
$= a \times b + a \times c$
$= ab + ac$

a. $x(y + z) =$

b. $x(y - z) =$

3. Hersiening: vereenvoudig.

Voorbeeld $3(a + b)$
$= (3 \times a) + (3 \times b)$
$= 3a + 3b$

a. $2(a + b) =$

b. $4(-k + l) =$

4. Hersiening: vereenvoudig.

Voorbeeld $x(2 + 4)$
$= (x \times 2) + (x \times 4)$
$= 2x + 4x$
$= 6x$

a. $a(3 + 4) =$

b. $x(-2x + 3) =$

5. Vereenvoudig.

Voorbeeld: **Metode 1**

$2x(3x^2 - 4x + 5)$
$= 6x^{1+2} - 8x^{1+1} + 10x$
$= 6x^3 - 8x^2 + 10x$

Metode 2

$2x(3x^2 - 4x + 5)$

$2x$	$3x^2$	$-4x$	5
	$6x^3$	$-8x^2$	$+10x$

a. $4x(x^2 - 2x + 2) =$

b. $7x(2x^2 - 4x + 10) =$

c. $x(3x^2 + 4x + 5) =$

d. $3x(5v^2 - 2x + 6) =$

e. $5x(x^2 - 3x - 2) =$

f. $6x(2x^2 + 4x + 7) =$

6. Vereenvoudig deur albei metodes te gebruik:

Voorbeeld: **Metode 1**

$2x(3x^2 - 4x + 5)$
$= 6x^3 - 8x^2 + 10x$

Metode 2

$2x(3x^2 - 4x + 5)$
$= (2x.3x^2) + (2x.-4x) + (2x.5)$
$= 6x^{1+2} - 8x^{1+1} + 10x$
$= 6x^3 - 8x^2 + 10x$

a. $-x(2x^2 + 3x + 2) =$

b. $-4x(-3x^2 - 5x - 4) =$

Teken:

Datum:

vervolg

30b Die produk van 'n monoom en binoom of trinoom vervolg

c. $-3x(-x^2 + 2x - 6) =$

d. $-2x(3x^2 + 7x + 1) =$

e. $-5x(2x^2 - 4x - 8) =$

f. $-6x(-3x^2 - 6x + 3) =$

7. As $x = 3$, evalueer:

a. $4x^2 + 3x + 2 =$

b. $5x^2 - 6x + 8 =$

c. $-3x^2 - 2x + 3 =$

d. Probeer dit nou met $x = -3$

8. Vereenvoudig en evalueer as $x = -2$.

a. $2x(6x^2 + 3x + 5) =$

b. $-3x(2x^2 + 6x + 9) =$

c. $4x(3x^2 - 2x - 2) =$

Maak seker jy vermenigvuldig die monoom met al die terme van die trinoom.

Probleemoplossing

Die a × (maal) kan oor die 2 + 4 in 'n a × 2 plus 'n a × 4 "versprei word". Hoe het die oorspronklike som gelyk?

Ontwikkel jou eie monoom wat vermenigvuldig word met 'n trinoom en vereenvoudig dit.

Gebruik dieselfde monoom wat vermenigvuldig word deur 'n trinoom. Vereenvoudig dit dan deur middel van substitusie.

Teken:

Datum:

31a Die produk van twee binome

Vergelyk die volgende:

Het jy geweet dat jou kennis van kaartwerk jou kan help om die produk van twee binome te bereken? Maak gebruik van die kolomme en rye om twee binome te vermenigvuldig.

$(x + 2)(x + 2)$

	x	$+$	2
x	x^2		$2x$
$+$			
2	$2x$		4

$x^2 + 4x + 4$

$(x - 2)(x - 2)$

	x	$-$	2
x	x^2		$-2x$
$-$			
2	$-2x$		4

$x^2 - 4x + 4$

$(x + 2)(x - 2)$

	x	$-$	2
x	x^2		$-2x$
$+$			
2	$2x$		-4

$x^2 + x - 4$

1. Vereenvoudig die volgende:

Voorbeeld $(x + 2)(x + 3)$

$= (x + 2)(x + 3)$
$= (x \times x) + (x \times 3) + (2 \times x) + (2 \times 3)$
$= x^{1+1} + 3x + 2x + 6$
$= x^2 + 3x + 2x + 6$
$= x^2 + 5x + 6$

	x	$+$	3
x	x^2		$3x$
$+$			
2	$2x$		6

$x^2 + 5x + 6$

a. $(x + 1)(x + 2) =$

b. $(a + 2)(a + 7) =$

c. $(x + 5)(x + 4) =$

2. Vereenvoudig:

Voorbeeld $(x - 2)(x - 3)$

$= (x - 2)(x - 3)$
$= (x \times x) + (x \times -3) + (-2 \times x) + (-2 \times -3)$
$= x^{1+1} - 3x - 2x + 6$
$= x^2 - 5x + 6$

	x	$-$	3
x	x^2		$-3x$
$-$			
2	$-2x$		-6

$x^2 - 5x - 6$

a. $(x - 5)(x - 2) =$

b. $(a - 10)(a - 3) =$

c. $(x - 7)(x - 6) =$

3. Vereenvoudig:

Voorbeeld $(x + 2)(x - 3)$

$= (x + 2)(x - 3)$
$= (x \times x) + (x \times -3) + (2 \times x) + (2 \times -3)$
$= x^{1+1} - 3x + 2x - 6$
$= x^2 - x - 6$

	x	$-$	3
x	x^2		$-3x$
$+$			
2	$2x$		-6

$x^2 - x + 6$

a. $(x + 1)(x - 4) =$

b. $(4a + 3)(a - 8) =$

c. $(2x + 3)(x - 2) =$

Teken:

Datum:

vervolg

31b Die produk van twee binome vervolg

4. Vereenvoudig:

Voorbeeld $(x-2)(x+3)$

$= (x-2)(x+3)$
$= (x \times x) + (x \times 3) + (-2 \times x) + (-2 \times -3)$
$= x^{1+1} + 3x - 2x - 6$
$= x^2 - x - 6$

	x	$+\ 3$
x	x^2	$-3x$
$-$		
2	$-2x$	-6

$x^2 + x - 6$

a. $(x-3)(x+4) =$

b. $(2a-3)(a+1) =$

c. $(x-5)(x+1) =$

5. Vereenvoudig:

Voorbeeld

$(x \pm 2)^2$
$= (x+2)(x+2)$ en $(x-2)(x-2)$
$= x^2 + 2x + 2x + 4$ en $x^2 - 2x - 2x + 4$
$= x^2 + 4x + 4$ en $x^2 - 4x + 4$
$= x^2 \pm 4x + 4$

	x	$+\ 2$
x	x^2	$-2x$
$+$		
2	$2x$	4

	x	$-\ 2$
x	x^2	$-2x$
$-$		
2	$-2x$	4

a. $(x \pm 1)^2 =$

b. $(a \pm 6)^2 =$

6. Vereenvoudig:

Voorbeeld $2(x-3)^2$

$= 2[(x-3)(x-3)$
$= 2[x^2 - 3x - 3x + 9]$
$= 2[x^2 - 6x + 9]$
$= 2x^2 - 12x + 18$

	x	$-\ 3$
x	x^2	$-3x$
$-$		
3	$-3x$	9

a. $2(x+2)^2 =$

b. $2(x+7)^2 =$

7. Vereenvoudig:

a. $2(x-3)^2 - 3(x+1)(2x-5) =$

b. $3(x+4)^2 - 2(x+3)(3x-6) =$

Probleemoplossing: Wees kreatief

Ontwikkel twee binome en vereenvoudig die produk.

Ontwikkel twee binome en vereenvoudig die produk. Gebruik heelgetalle om te evalueer.

Ontwikkel twee binome en vereenvoudig die produk. Gebruik die +/-bewerking.

Ontwikkel twee binome en vereenvoudig die produk. Gebruik +/-bewerkings asook koëffisiënte.

Teken:

Datum:

32 Meer oor die produk van twee binome

Kan jy nog onthou wat 'n faktor is?

Faktore is getalle wat jy saam vermenigvuldig om 'n ander getal te kry.



O ja, die faktore van 12 is mos: 1, 2, 3, 4, 6 en 12, want 1 × 12 = 2 × 6 = 3 × 4 = 12




Wat is die faktore van $x^2 + 7x + 12$?

Jy moet vra watter twee binome, wanneer dit saam vermenigvuldig word, vir jou hierdie trinoom sal gee.

- Skryf twee hakies ( ) ( )
- Faktoriseer $x^2 = (x)(x)$
- Faktoriseer 12 = (3)(4) en maak seker dat die som van hierdie twee faktore vir jou 7 gee.
- Vul jou bewerkings in $(x + 3)(x + 4)$.

1. Faktoriseer:

Voorbeeld $x^2 + 5x + 6$
$= x^2 + 5x + 6$
$= (x + 3)(x + 2)$



Toets: $x^2 + 2x + 3x + 6$
$x^2 + 5x + 6$

Die produk van die twee faktore gee vir my 6, maar as dit opgetel word sal dit vir my 5 gee.



a. $x^2 + 5x + 6 =$

b. $x^2 + 6x + 8 =$

c. $x^2 + 2x + 14 =$


d. $x^2 + 11x + 10 =$

e. $x^2 + 15x + 54 =$

f. $x^2 + 12x + 27 =$

2. Faktoriseer:

Voorbeeld $x^2 - 5x + 6$
$= x^2 - 5x + 6$
$= x^2 - 5x + 6$
$= (x - 3)(x - 2)$





$-3 \times -2 = 6$
$-3 + -2 = -5$

Die produk van die twee faktore gee vir my 6, maar as dit opgetel word sal dit vir my −5 gee.



a. $x^2 + x - 6 =$

b. $x^2 + 3x - 54 =$

c. $x^2 + 4x - 60 =$


d. $x^2 + 5x - 14 =$

e. $x^2 - x - 56 =$

f. $x^2 + 7x - 8 =$

3. Faktoriseer:

Voorbeeld $x^2 - 5x + 6$
$= (x - 2)(x - 3)$



a. $x^2 - 7x + 12 =$

b. $x^2 - 13x + 42 =$

c. $x^2 - 11x + 30 =$

d. $x^2 - 9x + 20 =$

e. $x^2 - 15x + 56 =$

f. $x^2 - 8x + 15 =$

Probleemoplossing

Bepaal die faktore van $x^2 + 11x + 24$

Teken:

Datum:

33 Deel monome en binome

Hersien dit:

Eksponentwette

– met veranderlikes

$$\frac{x^m}{x^n} = x^{m-n}$$

– met konstantes

$$\frac{2^3}{2^2} = 2^{3-2}$$

Hoe vinnig kan jy dit vereenvoudig?

$\frac{16}{8} = 2$	$\frac{20}{4} =$	$\frac{12}{3} =$	$\frac{21}{7} =$
$\frac{25}{5} =$	$\frac{30}{3} =$	$\frac{9}{3} =$	$\frac{15}{5} =$

1. Vereenvoudig:

Voorbeeld: **Gebruik die eksponentwette**

$$\frac{6x^3}{2x} = \frac{6x^3}{2x} = \frac{3x^3}{x} = 3x^{3-1} = 3x^2$$

$$\frac{6 \cdot x^3}{2 \cdot x} = \frac{2 \cdot 3 \cdot x \cdot x \cdot x}{2 \cdot x} = 3x^2$$

Gebruik 'n ander metode om jou antwoord na te gaan.



a. $\frac{8x^3}{2x} =$

b. $\frac{16x^2}{8x} =$

c. $\frac{12x^4}{3x} =$

d. $\frac{20x^5}{4x} =$

e. $\frac{18x^5}{9x^4} =$

f. $\frac{21x^5}{7x^2} =$

2. Vereenvoudig:

Voorbeeld: **Gebruik die eksponentwette**

$$\frac{6x^3 + 8x^2}{2x} = \frac{6x^3}{2x} + \frac{8x^2}{2x} = 3x^{3-1} + 4x^{2-1} = 3x^2 + 4x$$

$$\frac{6x^3}{2x} + \frac{8x^2}{2x} = \frac{2 \cdot 3 \cdot x \cdot x \cdot x}{2 \cdot x} + \frac{2 \cdot 4 \cdot x \cdot x}{2 \cdot x} = 3x^2 + 4x$$

Gebruik 'n ander metode om jou antwoord na te gaan.

$$\frac{6x^3 + 8x^2}{2x} = \frac{6x^3}{2x} + \frac{8x^2}{2x} = 3x^{3-1} + 4x^{2-1} = 3x^2 + 4x$$

a. $\frac{6x^3 + 9x^2}{3x} =$

b. $\frac{16x^3 + 8x^2}{4x} =$

c. $\frac{25x^3 - 15x^2}{5x} =$

d. $\frac{24x^4 - 12x^3}{6x} =$

e. $\frac{8x^5 + 10x^3}{2x} =$

f. $\frac{30x^5 - 9x^4}{3x^2} =$

Probleemoplossing

Ontwikkel jou eie vyf voorbeelde van binome gedeel deur monome.

Teken:

Datum:

34 Substitusie

Onthou jy wat substitusie is? Hoe kan jy substitusie gebruik om die volgende te evalueer as $x = -5$?

$x + 0{,}2$	x^2	$5x$	$2x^2 + x$

Nou kan jy sien hoekom dit belangrik is om jou maaltafels goed te ken!



1. Hersiening: As $x = 2$, evalueer:

Voorbeeld:
$x + 5$
$= 2 + 5$
$= 7$

a. $x + 9 =$

b. $-x \times 2 =$

2. As $x = 2$, evalueer:

Voorbeeld: $x^2 + 3x + 4$
$= (2)^2 + 3(2) + 4$
$= 4 + 6 + 4$
$= 14$

As $x = -2$, evalueer:
$x^2 + 3x + 4$
$= (-2)^2 + 3(-2) + 4$
$= 4 - 6 + 4$
$= 2$

Hoekom verskil hierdie antwoorde?

a. $x^2 + 6x + 5 =$

b. $2x^2 + 9x + 1 =$

c. $x^2 + 9x + 6 =$

d. $5x^2 + 3x + 2 =$

e. $8x + x^2 - 5 =$

f. $8 - x^2 - 5x =$

3. Evalueer die uitdrukking as $x = -3$, en as $x = \frac{1}{3}$:

Voorbeeld: $-x^2 + 3x + 4$

As $x = -3$, dan:
$= -(-3)^2 + 3(-3) + 4$
$= -9 - 9 + 4$
$= -18 + 4$
$= -14$

As $x = \frac{1}{3}$, dan:
$= -(\frac{1}{3})^2 + 3(\frac{1}{3}) + 4$
$= -\frac{1}{9} + 1 + 4$
$= 5 - \frac{1}{9}$
$= 4\frac{8}{9}$

a. $-x^2 + 4x + 2 =$

b. $-x^2 + 5x + 3 =$

c. $6 + 5x - 4x^2 =$

d. $7 + 2x^2 - 5x =$

e. $-2x^2 - x + 5 =$

f. $-3 - 5x^2 + 5 =$

Probleemoplossing

As jou antwoord -15 is, skryf dan 'n moontlik trinoom neer.
As jou antwoord 15 is, skryf dan 'n moontlike trinoom neer.

Teken:

Datum:

35a Faktoriseer algebraïese uitdrukkings

Hoe vinnig kan jy die volgende faktoriseer?

Voorbeeld: $3 - 27 = 3(1 - 9)$

3 is die gemeenskaplike faktor.



$4 + 16 =$ $\quad$ $5 - 25 =$ $\quad$ $6 + 42 =$

$7 + 56 =$ $\quad$ $9 + 99 =$ $\quad$ $48 - 6 =$

1. Faktoriseer:

a.

Voorbeeld $2x(a + b) + 3(a + b)$
$= (a + b)(2x + 3)$

$(a + b)$ is die gemeenskaplike faktor.

Wat is die gemeenskaplike faktor?

$4x\,(c + d) + 2(c + d) =$

b.

Voorbeeld $2x(a - b) + 3(a - b)$
$= (a - b)(2x - 3)$

$(a - b)$ is die gemeenskaplike faktor.

Wat is die gemeenskaplike faktor?

$4x\,(a - b) - 5(a - b) =$

c.

Voorbeeld $(3a + b)(x) + (3a + b)(y)$
$= (3a + b)(x + y)$

$(3a + b)$ is die gemeenskaplike faktor.

What is die gemeenskaplike faktor?

$(3a + b)(m) + (3a + b)(n) =$

2. Faktoriseer:

Voorbeeld $(3a + b)(p - 2t) - (3a + b)(2p + 2t)$
$= (3a + b)[(p - 2t) - (2p + 2t)]$
$= (3a + b)(p - 2t - 2p - 2t)$
$= (3a + b)(-p - 4t)$
$= -(3a + b)(p + 4t)$

$(3a + b)$ is die gemeenskaplike faktor.

a. $(2a + b)(p - 3t) + (2a + b)(p + 3t) =$

b. $(3x + y)(a + b) - (3x + y)(a - b) =$

Voorbeeld $ax - bx$
$= x(a - b)$

c. $cx + dx =$

d. $mx + nx =$

Voorbeeld $ax - bx + 2a - 2b$
$= x(a - b) + 2(a - b)$
$= (a - b)(x + 2)$

e. $ax + bx + 4a + 4b =$

f. $2m - 2n + 3m + 3n =$

Voorbeeld 1: $a - 4b = 1(a - 4b)$

Voorbeeld 2: $4b - a = -1(a - 4b)$

g. $x - 2y =$

h. $2y - x =$

Voorbeeld $3a^2 - 27$
$= 3(a^2 - 9)$

i. $2a^2 - 18 =$

j. $5a^2 + 30 =$

3. Faktoriseer:

Voorbeeld: $a^4 - a^2$
$= a^2\left[\frac{a^4}{a^2} - \frac{a^2}{a^2}\right]$
$= a^2\,[a^{4-2} - 1]$
$= a^2\,[a^2 - 1]$
of
$a^4 - a^2$
$= (a.a.a.a) - (a.a)$
$= a.a(a.\ a - 1)$
$= a^2(a^2 - 1)$

a. $x^5 - x^3 =$

b. $d^8 + d^4 =$

Voorbeeld: $6a^4 - 4a^2$
$= 2a^2(3a^2 - 2)$
of
$6a^4 - 4a^2$
$= 2a^2\left(\frac{6a^4}{2a^2} - \frac{4a^2}{2a^2}\right)$
$= 2a^2 - (3a^{4-2} - 4a^{2-2})$
$= 2a^2\,(3a^2 - 2a^0)$
$= 2a(3a^2 - 2)$

c. $6b^4 - 3b^2 =$

d. $8a^6 - 6a^4 =$

Teken: Datum:

vervolg

35b Faktoriseer algebraïese uitdrukkings
vervolg

4. Faktoriseer:

Voorbeeld $(a+b)^2$
$=(a+b)(a+b)$

a. $(a+b)^3 =$

b. $(x+y)^2 =$

Voorbeeld $(a+b)^2-5(a+b)$
$=(a+b)(a+b)-5(a+b)$
$=(a+b)[(a+b)-5]$
$=(a+b)(a+b-5)$

c. $(x+y)^2-6(x+y) =$

d. $(d+e)^2-2(d+e) =$

5. Faktoriseer:

Voorbeeld: $25a^2$
$=(5a)^2$

Let op dat:
$1 = 1^2 = 1 \times 1$

a. $16a^2 =$

b. $64a^2 =$

Voorbeeld: $25a^2-1$
$=(5a)^2-1$

c. $9a^2-1 =$

d. $49a^2-1 =$

6. Hersiening: Gebruik die voorbeeld as riglyn vir jou faktorisering.

Voorbeeld: a^2+b^2
$=(a)^2+(b)^2$

a. $x^2+y^2 =$

b. $c^2+d^2 =$

7. Faktoriseer:

Voorbeeld: a^4-b^4
$=(a^2-b^2)(a^2+b^2)$
$=(a-b)(a+b)(a^2+b^2)$

a. $x^4-y^4 =$

b. $c^4-d^4 =$

Voorbeeld: $9(a+b)^2-1$
$=[3(a+b)]^2-1^2$
$=[3(a+b)+1][3(a+b)-1]$
$=(3a+3b+1)(3a+3b-1)$

c. $64(x+y)^2+1 =$

d. $25(a+b)^2-1 =$

8. Vereenvoudig deur faktorisering te gebruik:

Voorbeeld: $3x-3y$
$=3(x-y)$

a. $5x+5y =$

b. $7a+7b =$

Voorbeeld:
$\frac{3x-3y}{6x-6y}$
$=\frac{3(x-y)}{6(x-y)}$
$=\frac{3}{6}$
$=\frac{1}{2}$

c. $\frac{4x+4y}{16x+16y} =$

d. $\frac{5x-5y}{10x+10y} =$

Probleemoplossing

Ontwikkel 'n algebraïese uitdrukking waarin die gemeenskaplike uitdrukking is:

a. $4a+b$

b. (x^2+y^2)

c. $(x+y)^2$

Teken:

Datum:

36 Deel 'n trinoom en polinoom deur 'n monoom

Gee 'n voorbeeld van elk:

trinoom / monoom

polinoom / monoom

Skryf 'n paar sleutelwoorde neer om jou te help om te onthou hoe om te:

Vereenvoudig:

Faktoriseer:

1. Vereenvoudig die breuke deur faktorisering te gebruik:

Voorbeeld: $3x - 3y$
$= 3(x - y)$

a. $5x + 5y =$

b. $7a + 7b =$

Voorbeeld: $\frac{3x - 3y}{6x - 6y}$
$= \frac{3(x-y)}{6(x-y)}$
$= \frac{3}{6}$
$= \frac{1}{2}$

c. $\frac{4x + 4y}{16x + 16y} =$

d. $\frac{5x - 5y}{10x + 10y} =$

2. Vereenvoudig en faktoriseer:

Voorbeeld: Vereenvoudig: $\frac{4x^4 - 2x^3}{2x^2}$
$= \frac{4x^4}{2x^2} - \frac{2x^3}{2x^2}$
$= 2x^{4-2} - x^{3-2}$
$= 2x^2 - x$

Faktoriseer: $\frac{4x^4 - 2x^3}{2x^2}$
$= \frac{2x^2(2x^2 - x)}{2x^2}$
$= 2x^2 - x$

a. $\frac{6x^5 - 63}{3x^2} =$

b. $\frac{8x^{12} + 16x^6}{4x^3} =$

Voorbeeld: Vereenvoudig: $\frac{6x^3 - 8x^2 + 2x}{2x}$
$= \frac{6x^3}{2x} - \frac{8x^2}{2x} + \frac{2x}{2x}$
$= 3x^{3-1} - 4x^{2-1} + 1$
$= 3x^2 - 4x + 1$

Faktoriseer: $\frac{6x^3 - 8x^2 + 2x}{2x}$
$= \frac{2x(3x^2 - 4x + 1)}{2x}$
$= 3x^2 - 4x + 1$

c. $\frac{9x^4 + 6x^2 + 3x}{3x} =$

d. $\frac{8x^5 - 4x^3 - 4x}{2x} =$

Voorbeeld: $\frac{6x^3 - 8x^2 + 2x + 10}{2x}$
$= \frac{6x^3}{2x} - \frac{8x^2}{2x} + \frac{2x}{2x} + \frac{10}{2x}$
$= 3x^{3-1} - 4x^{2-1} + 1 + \frac{5}{x}$
$= 3x^2 - 4x + 1 + \frac{5}{x}$

Faktoriseer: $\frac{2x(3x^2 - 4x + 10)}{2x}$
$= 3x^2 - 4x + 1 + \frac{10}{2x}$
$= 3x^2 - 4x + 1 + \frac{5}{x}$

e. $\frac{6x^3 + 4x^2 + 2x + 6}{2x} =$

f. $\frac{9x^4 + 6x^3 - 3x - 9}{3x} =$

Probleemoplossing

Ontwikkel 'n polinoom gedeel deur 'n monoom. Vereenvoudig en faktoriseer die uitdrukking.

Teken:

Datum:

37a Lineêre vergelykings wat breuke bevat

Beskou die drie voorbeelde. Bespreek.

$4a + 5 = 17$
$4a = 17 - 5$
$4a = 12$
$\frac{4a}{4} = \frac{12}{4}$
$a = 3$

$3x = 6$
$\frac{3x}{3} = \frac{6}{3}$
$x = 2$

$3(x - 2) = x + 1$
$3x - 6 = x + 1$
$3x - x - 6 = 1$
$2x = 7$
$\frac{2x}{2} = \frac{7}{2}$
$x = 3\frac{1}{2}$

1. Los die lineêre vergelyking op:

Voorbeeld: $4x = 2$

$\frac{4x}{4} = \frac{2}{4}$

$x = \frac{1}{2}$

a. $6a = 3$

b. $9b = 10$

2. Los vir x op:

Voorbeeld: $7 = \frac{3}{x}$

$\frac{7}{1} \times \frac{x}{1} = \frac{3}{x} \times \frac{x}{1}$

$7x = 3$

$\frac{7x}{7} = \frac{3}{7}$

$x = \frac{3}{7}$

a. $8 = \frac{4}{x}$

b. $9 = \frac{3}{x}$

'n Lineêre vergelyking is 'n vergelyking wat 'n reguitlyn maak op 'n grafiek. Dit het slegs een onbekende getal en dit is net tot die mag van 1.



3. Los vir x op:

Voorbeeld:

$\frac{7}{x-2} = \frac{3}{x}$

$\frac{7}{x-2} \times \frac{x-2}{1} = \frac{3}{x} \times \frac{x-2}{1}$

$7 = \frac{3}{x} \times \frac{x-2}{1}$ *of* $7 = \frac{3(x-2)}{x}$

$7 \times \frac{x}{1} = \frac{3}{x} \times \frac{x}{1} \times \frac{x-2}{1}$ *of* $7 \times \frac{x}{1} = \frac{3(x-2)}{1} \times \frac{x}{1}$

$7x = 3(x - 2)$

$7x = 3x - 6$

$7x - 3x = 3x - 3x - 6$

$4x = -6$

$\frac{4x}{4} = \frac{-6}{4}$

$x = -\frac{3}{2}$

a. $\frac{8}{x+2} = \frac{4}{x}$

b. $\frac{5}{x-3} = \frac{2}{x}$

4. Los lineêre vergelykings op wat breuke bevat.

Voorbeeld: $\frac{x}{3} = 1$

$\frac{x}{3} \times \frac{3}{1} = 1 \times \frac{3}{1}$

$x = 3$

a. $\frac{x}{2} = 1$

b. $\frac{x}{5} = 1$

Teken:

Datum:

vervolg

37b Lineêre vergelykings wat breuke bevat

vervolg

Voorbeeld: $\frac{2x-1}{4} = 1$

$\frac{2x-1}{4} \cdot \frac{4}{1} = 1 \cdot \frac{4}{1}$

$2x - 1 = 4$

$2x = 4$

$\frac{2x}{2} = \frac{5}{2}$

$x = \frac{5}{2}$

$x = 2\frac{1}{2}$

c. $\frac{3x+1}{5} = 1$

d. $\frac{4x-2}{6} = 1$

Voorbeeld: $\frac{x}{3} + \frac{x}{4} = 1$

$\frac{x}{3} \times \frac{4}{4} + \frac{x}{4} \times \frac{3}{3} = 1$

$\frac{4x}{12} + \frac{3x}{12} = 1$

$\frac{5x}{12} = 1$

$\frac{7x}{12} \times \frac{12}{1} = 1 \times 12$

$7x = 12$

$x = \frac{12}{7}$

e. $\frac{x}{2} + \frac{x}{3} = 1$

f. $\frac{x}{5} + \frac{x}{3} = 1$

Voorbeeld: $\frac{x}{3} = \frac{2x-1}{4} = 1$

$\frac{x}{3} \times \frac{4}{4} + \frac{2x-1}{4} \times \frac{3}{3} = 1$

$\frac{4x}{12} + \frac{6x-3}{12} = 1$

$\frac{4x+6x-3}{12} \times \frac{12}{1} = 1 \times \frac{12}{1}$

$4x + 6x - 3 = 12$

$10x - 3 = 12$

$10x = 15$

$\frac{10x}{10} \times \frac{15}{10}$

$x = \frac{3}{2}$

$x = 1\frac{1}{2}$

g. $\frac{x}{4} + \frac{2x+1}{2} = 1$

h. $\frac{x}{5} + \frac{3x-2}{2} = 1$

Probleemoplossing

Ontwikkel algebraïese vergelykings wat vir jou 'n antwoord gee van:

a. $x = \frac{3}{4}$

b. $x = \frac{1}{2}$

c. $x = \frac{5}{2}$

Teken:


Datum:

38 Los vergelykings op in die vorm: 'n produk van faktore is gelyk aan nul

Hersien die volgende:

$2 \times 4 = 8$
$2 + 4 = 6$

$x^2 + 6x + 8$



	x	+	2
x	x^2		$2x$
+	$4x$		8
4			

1. Faktoriseer:

Voorbeeld: $x^2 + 5x + 6$
$= (x + 2)(x + 3)$

a. $x^2 - x - 6 =$

b. $x^2 + 9x + 14 =$

$x + 1 = 0$
$x + 1 - 1 = 0 - 1$
$x = -1$

$x + 3 = 0$
$x + 3 - 3 = 0 - 3$
$x = -3$

2. Los vir x op:

Voorbeeld $(x + 1)(x + 3) = 0$
$x + 1 = 0$ of $x + 3 = 0$
$x = -1$ of $x = -3$

a. $(x + 2)(x + 3) = 0$

b. $(x + 4)(x - 1) = 0$

3. Faktoriseer:

$x.x - 3x$
$x(x - 3x)$

Voorbeeld: $x^2 - 3x$
$= x(x - 3)$

a. $x^2 + 2x =$

b. $x^2 + 5x =$

Hoekom is dit so belangrik om te weet hoe om 'n polinoom te faktoriseer?

4. Los vir x op:

Voorbeeld: $x^2 - 3x = 0$
